

**19 Januarie**

**Skrifgedeelte: Levitikus 26 (OAV)  
Fokusgedeelte: Levitikus 26:1-17**

### **God wandel in ons midde**

Daar is in sekere kerke 'n gesang wat nogal dikwels gesing word: "God is hier teenwoordig; laat ons biddend nader, hier waar ons voor Hom vergader". En, inderdaad, daar waar God se Woord getrou verkondig word, is Hy teenwoordig.

Ongelukkig meen baie mense, en hulle lewe getuig daarvan, dat die kerkgebou en die "kerkdag" ongeveer die enigste plekke en tye is waar God teenwoordig is. Vir sommige mense – ook Gereformeerde mense – is die rusdag al verby as hulle uit God se teenwoordigheid weg is.

In ons Skrifgedeelte gaan dit ook oor die teenwoordigheid van God by sy volk. Op die Sabbat en by feesgeleenthede is Hy by die tabernakel en later die tempel teenwoordig: "God is hier teenwoordig..." (vers 11).

Maar ook ná die laaste "Amen" is God nog daar, 'n hele week lank, 'n hele lewe lank! Lees maar verder: "En Ek sal in julle midde wandel en vir julle 'n God wees en julle sal vir My 'n volk wees" (vers 12).

In hulle daaglikse bedryf en die wel en weë van hulle lewensloop, vertel God dat hulle dag en nag onlosmaaklik aan Hom verbind is. "Ek ... in jul midde..."

En dan is die Here nie maar staties êrens agter 'n gordyn van godsdiens teenwoordig nie. Nee, Hy wandel in hul midde. Hy hardloop nie maar deur hul lewe om tog maar by die eindpunt met hierdie lastige volkie van Hom te kom nie; Hy loop selfs nie maar net onder sy volk sodat hulle Hom slegs van tyd tot tyd gewaar nie... God wandel daar.

Wie "wandel" let op, kyk rond, sien dinge raak. So is God by sy mense. Hy sien ons liefde en ons louheid raak, ons diens en ons ontrou en net so ook ons vreugde, ons spanning en ons verdriet.

*Sing: Psalm 95:1,4*

*Ds LH Stavast (Emeritus)*